Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM

Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## SEPTEMBER 2020

ÉcoleBooks

# RELIGIESTUDIES V2

**PUNTE:** **150**

**TYD:** **2 uur**

Hierdie vraestel bestaan uit 5 bladsye.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Lees die volgende instruksies versigtig deur voor die vrae beantwoord word.
2. Hierdie vraestel bestaan uit VYF vrae.
3. Beantwoord enige DRIE van die VYF vrae.
4. Begin elke vraag op 'n NUWE bladsy.
5. Lees AL die vrae aandagtig deur voordat jy dit beantwoord.
6. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
7. Die lengte van die antwoorde moet ooreenstem met die punte wat vir elke vraag toegeken is.
8. Skryf leesbaar en bied jou werk netjies aan.

ÉcoleBooks



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



## VRAAG 1

Lees die onderstaande uittreksel en beantwoord die vrae wat daarop volg.

> In dosyne nasies, staar kinders sosiale probleme soos tienerswangerskappe en misdaad in die gesig. Dit het 'n invloed op gemeenskappe, hetsy religieus of nie. Daar is 'n behoefte om 'n strategie vir die oplossing van die belangrikste probleme te ontwikkel.
>
> [Bron: *Top Class Religion Studies, Graad 12*]

1.1 In die lig van die bogenoemde uittreksel, identifiseer EEN sosiale probleem en verduidelik die oorsake. (10)

1.2 Met verwysing na enige TWEE godsdienste wat jy bestudeer het, bespreek kortliks hulle leringe wat aan die sosiale probleem wat jy gekies het, aandag skenk. (16)

1.3 Dink jy dat godsdienstige organisasies, die bogenoemde sosiale probleme kan verminder? Motiveer jou antwoord. (12)

1.4 Noem en verduidelik die hermeneutiese beginsels. (12)
**[50]**

## VRAAG 2

ÉcoleBooks

Lees die onderstaande uittreksel en beantwoord die vrae wat daarop volg.

> Deur sy leringe kommunikeer elke religie aan sy volgelinge waarom die wêreld is soos dit is, sowel as hul plek en verantwoordelikheid daarin.
>
> [Bron: *Focus on Religion Studies Grade 12*, Donne]

2.1 In die konteks van enige EEN religie, beantwoord die volgende vrae met verwysing na die SENTRALE LERINGE onder die volgende opskrifte:

2.1.1 Die aard van menslikheid, met verwysing na die gemeenskap en die individu (10)

2.1.2 Die aard van lewe na dood (10)

2.1.3 Die aard van godheid (10)

2.2 In die konteks van religie, bespreek en evalueer die rol van die volgende:

2.2.1 Mondelinge tradisie (10)

2.2.2 Inspirasie (10)
**[50]**

## VRAAG 3

Lees die onderstaande uittreksel en beantwoord die vrae wat daarop volg.

> Ongeag of dit persoonlik of polities is, het Westerse sekularisme te doen met die aanvaarding van 'n grondslag vir die lewe en die wet wat konvensionele religie uitsluit. In die Weste gaan dit gewoonlik gepaard met demokratiese regeringsvorme, geloofsvryheid binne die perke van die sekulêre wette van die land, steun vir menseregte, en geen diskriminasie op grond van religieuse oortuigings nie.
>
> [Bron: *Top Class Religion Studies Graad 12*, bladsy 138]

3.1 3.1.1 Verduidelik en bespreek die *Oerknalteorie*. (14)

3.1.2 Bespreek die siening van die Abrahamitiese religieë in respons tot Darwin se teorie met verwysing na die skepping. (12)

3.2 Lees die onderstaande uittreksel en beantwoord die vrae wat daarop volg.

> In die middel van die 19de eeu, het die bioloog Charles Darwin sy teorie oor evolusie in *The Origin of Species* gepubliseer. Dit is die eerste nie-religieuse verduideliking van hoe die wêreld ontstaan het en waar die mens vandaan kom. Sedert Darwin was daar baie debatte oor wat sy teorie vir religieuse oortuigings beteken.
>
> [Aangepas uit *Shutters Top Class Religion Studies*, *Graad 12*]

ECOLEBOOKS

Tot watter mate het die houding van religie teenoor evolusie sedert die 19de eeu verander?
Gee voorbeelde van ten minste TWEE religieë om jou antwoord te steun. (24)
**[50]**



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



## VRAAG 4

4.1 Lees die onderstaande uittreksel en beantwoord die vrae wat daarop volg.

> Somtyds is religie deel van die probleem; ander kere is dit deel van die oplossing.
>
> [Bron: *Shuters Top class Religion Studies*, bladsy 60]

4.1.1 Kies EEN konflikgebied in Afrika en dui aan wie by die konflik betrokke was. (4)

4.1.2 Verduidelik die oorsake van die konflik. (12)

4.1.3 Evalueer die rol van religieuse organisasies om die konflik op te los. (14)

4.2 Analiseer DRIE tipes rituele in religie. (10)

4.3 Sosiale, sielkundige en geestelike perspektiewe is die rol van rituele in religieë.

In die lig van die bogenoemde uittreksel, bespreek kortliks die rolle van die volgende twee rituele in religie:

4.3.1 Sielkundige rolle (6)

4.3.2 Geestelike rolle (4)

ÉcoleBooks

**[50]**

## VRAAG 5

Lees die onderstaande uittreksel en beantwoord die vrae wat daarop volg.

> By die meeste religieë kan interpretasie van oortuigings verskil van een denkskool tot 'n ander.
>
> [Bron: *Shutters Top Class Religion Studies*, Graad 12]

5.1 Bespreek die leringe van enige TWEE sekulêre wêreldbeskouings wat jy bestudeer het. (10 x 2) (20)

5.2 Met verwysing na ENIGE EEN religie, brei uit en verduidelik die interne verskille wat bestaan onder die volgende opskrifte:

5.2.1 Verskille in leringe (10)

5.2.2 Verskille in bestuur (10)

5.2.3 Verskille in praktyk (10)

**[50]**

**TOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou